PREEKOPSOMMING



Reeks: **2009 – ‘n Anderste Kersfees.**
Week 10: ***“Jesus se koms – eintlik so vreemd en anders!”***
Teks: Lukas 2:8-20.
Kernvers: ***“En dit is vir julle die teken: julle sal ‘n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in ‘n krip lê.”*** (Lukas 2:12)
Datum: 8 November 2009
Prediker: Dr Johan Kruger (sel: 0842568031)

Kersfees vanuit ‘n nuwe vars hoek

Dit is ons groot uitdaging om van 2009 se Kersfees ‘n anderste Kersfees te maak en die betekenis en implikasies van Jesus se koms uit ‘n vars hoek te bekyk. Dalk het ons almal dit nodig om nie maar net weer die “normale” goedjies af te handel met Kersfees en ‘n lekker vakansie daarvan te maak nie, maar om weer vars en nuut Kersfees te vier!.

Lukas 2 – die geboorte van Jesus

Hier is die sleutel vir ‘n “anderste” Kersfees: by die geboorte van Jesus leer ons wie Jesus eintlik is. Ons verstaan Jesus eintlik baie beter juis by sy geboorte. Die bekende geboorteverhaal van Jesus in Lukas 2:8-20 beklemtoon vir ons ‘n paar belangrike sake oor Jesus:

Die skaapwagters.

Die engel verskyn hier aan die skaapwagters en die engel sê vir hulle dat hier ‘n groot ding aan die kom is wat groot blydskap gaan veroorsaak. Vergelyk verse 11 en 12. En dan volg die engele uit die hemel wat God loof en prys en die skaapwagters besluit om na Bethlehem toe te gaan om te kyk wat gebeur het. Hoe weet jy iemand in Jesus se tyd is ‘n skaapwagter? Jy het dit geruik. Skaapwagters in Jesus se tyd was nie skoon mense nie. Hulle het gestink. Hulle was vuil mense. Skaapwagters was mense wat vir dae en weke agter hul skape in die warm Judea son geloop het. Hulle het na “skaap” geruik, omdat hulle saam met die skape in die veld gebly het. Volgens wetgewing in daardie tyd was skaapwagters die enigste mense wat nie in ‘n hof mag gekom het nie – wetgewing het bepaal dat skaapwagters die enigste mense was wat nie as getuies vir iemand anders in ‘n hof mag optree nie ... omdat hulle onbetroubaar was en gestink het. Ook na Joodse godsdienstige byeenkomste mag ‘n skaapwagter nie uitgenooi word nie. Skaapwagters was in Jesus se tyd die uitvaagsels, die skorrie-morries. Hulle was op die die kantlyn uitgeskuif en niemand wou met skaapwagters meng nie. Hulle was nooit welkom in goeie geselskap nie. Daarom het skaapwagters hulleself eenkant gehou. Hulle was dikwels beskou as wegkruipers en vlugtelinge. En wie was die eerste uitgenooides deur God na die geboorte van Jesus? Die stinkende skaapwagters. Die skaapwagters is die eerste eregaste. Die verkeerde mense daag op... deur God gestuur en uitgenooi. Dit is eintlik so vreemd en anders – einltik skokkend! Ons Kerskaartjieprentjies het dalk die geboorte van Jesus té geromantiseer en mooi gemaak .... wat dit nie eintlik was nie!

Die stal en krip

En waar is die eerste rusplek van die Jesus-kind? Daar was geen plek in ‘n herberg nie, daarom is Jesus gebore in ‘n skuilplek vir diere. Heel moontlik ‘n grot soos dit oorgelewer is deur tradisie. Jesus se eerste rusplek was ‘n krip – ‘n voerbak waaruit diere geëet het. En die eetplek van diere is maar baie morsig. So vreemd en anders. ‘n Voerbak is nie iets moois wat jy as ornament in jou voorhuis kan sit nie. Voerbakke kry min aandag en het geen goeie vakmanskap nodig nie.

Jesus se reuk

Hoe het Jesus geruik? Wat was die reuk wat aan Hom vasgekleef het? Vir seker het Hy nie na babapoeier en Elizabeth Ann’s babasjampoo geruik nie. Jesus het geruik na stal, na skape en

beeste. Eintlik het Hy soos skaapwagters geruik! En omdat Hy soos skaapwagters geruik het, het die skaapwagters nie vreemd gevoel by Jesus nie. Die reuk van Jesus was bekend aan hulle. Hy het soos "hulle" geruik. En dit was die reuse engeleskare wat hierdie skaapwagters na Hom toegestuur het om die Redder van die wêreld te sien. Jesus se reuk is nie godsdienstig of vreeslik kerklik nie. Jesus ruik na mense wat afgeskryf is, op die kant van die samelewing uitgeskuif is, mense wat nie in geoie geselskap welkom is nie.

Skaapwagters keer terug.

Die skaapwagters keer terug na hul skape toe daar waar hulle leef en werk. Snaaks en vreemd dat hulle nie met 'n kerk begin nie.. of dalk met 'n nuwe kerklike bediening nie. Die wêreld was die skaapwagters se gemeente! Vers 20 sê dat die skaapwagters teruggegaan het terwyl hulle God loof en prys. Daar was lof in hul harte en lof in hul woorde.

Drie vrae vir impliasie

Hier is drie vrae wat jou kan help om 'n anderste Kersfees in 2009 te ervaar en die betekenis en implikasie van die Kersboodskap weer nuut en vars te bedink:

1. Wie is "jou" Jesus wat jy volg?

Hoe lyk jou prentjie van wie Jesus vir jou is? Dit is 'n geweldige belangrike vraag wat bepaal hoe ons leef. Ons is tog die mense wat Jesus volg. Jesus is ons Here, die kerk se Hoof, Hy is die Goeie Herder wat ons volg en ons loop in sy voetspore. Dit is wat volgelinge van Jesus doen – hulle loop waar Hy loop. Maar wie is "jou" Jesus? Is Hy dalk die "liewe" Jesus wat net in Kinderbybels bly of 'n mooi kerklike Jesus wat Homself net tuis vind in die kerk? Dalk is Kersfees die tyd van die jaar waar ons almal weer moet besin oor "jou" Jesus. Vra jouself af: Is "my" Jesus soos wat Hy Homself regtig geopenbaar het deur sy woord en in die wêreld? Die beste plek waar ons die ware Jesus leer ken is in Bethelehem – by sy geboorte en dan later aan die kruis op Golgota. Die krip en die kruis vertel vir ons wie Jesus regtig is.

2. Na wat (of wie) ruik jy?

Wat is die reuk wat jy versprei waar jy rondbeweeg? Wat is die reuk wat jy versprei in jou huis of by die werk? Is dit 'n reuk van oordeel? Is dit 'n reuk wat net sekere mense aantrek na jou toe? Of is dit 'n reuk wat alle mense laat tuis voel? Is dit regtig 'n reuk van genade en liefde vir die skaapwagters in die wêreld? Jy kan net 'n reuk aan jou hê waar die "wash-outs" en die skorries en die ongelowiges kan tuis wees en welkom voel as jy 'n ware ontmoeting met Jesus gehad het. En hoe meer jy saam met Hom loop en agter Hom aan loop en tyd saam met Hom spandeer, hoe meer gaan sy reuk aan jou afgee. Dan Kimball het onlangs 'n boek geskryf met die titel: ***"They like Jesus, but not the Church"***. En in die boek skryf hy van die negatiewe persepsie wat mense buite die kerk van Christen-wees het. En volgens sy navorsing sê hy dat in 2007 is bevind dat 70% van jongmense teen die ouderdom 23 die kerk verlaat. Van die 70% keer 'n volle 34% teen ouderdom 30 nooit terug na die kerk toe nie. En hul rede is 'n teleurstelling in die kerk – in mense van Jesus. Die fout lê nie by Jesus nie. Die fout lê by die mense wat Jesus volg. Ons moet weer erns maak met die regte Jesus. Die mense wat sonder God leef, is nie soseer opsoek na kerke wat lekker liedjies sing of waar wonderlike bedienings is nie. Hulle is op soek na Jesus. Hulle wil die "real" Jesus leer ken en Hom volg. En ons is geroep om sy reuk te versprei.

3. Waarheen moet jy teruggaan?

Nadat die skaapwagters 'n ontmoeting met Jesus op Kersdag gehad het, is hulle teruggestuur daar waar hulle leef en werk – tussen die skape. Waarheen stuur die Here jou? Dit is tog ons roeping om maar net die geur van Jesus te versprei daar waar ons leef en werk. Maar aan wie dink jy, wie is die mense waar jy die geur van Jesus moet gaan versprei? Is dit dalk eenvoudig in jou eie huis of by die werk?

Die oproep en uitdaging

Die oproep en uitdaging vir 'n anderste Kersfees is:

Wees 'n geskenk – as om eerder geskenke uit te deel.